

ABK GELOOFSBELYDENIS



AFRIKAANSE BAPTISTE KERK  
(ABK)  
PORT ELIZABETH

GELOOFSBELYDENIS

**INHOUDSOPGAWE**

<b>1.0</b>	<b>Voorwoord</b>	<b>3</b>
<b>2.0</b>	<b>God</b>	<b>3</b>
<b>2.1</b>	<b>GOD</b>	<b>3</b>
<b>2.2</b>	<b>God die Vader</b>	<b>4</b>
<b>3.0</b>	<b>Jesus Christus, die Seun van God, ons Verlosser en Here</b>	<b>4</b>
<b>4.0</b>	<b>Die Heilige Gees...</b>	<b>6</b>
<b>5.0</b>	<b>Die Heilige Skrif...</b>	<b>7</b>
<b>6.0</b>	<b>Die skepping van alles en die voorsieningheid van God</b>	<b>9</b>
<b>7.0</b>	<b>Die mens</b>	<b>9</b>
<b>8.0</b>	<b>Verlossing</b>	<b>11</b>
<b>9.0</b>	<b>Die koninkryk van Christus</b>	<b>12</b>
<b>10.0</b>	<b>Die kerk</b>	<b>13</b>
<b>11.0</b>	<b>Die Kerk en die samelewing</b>	<b>15</b>
<b>12.0</b>	<b>Die toekoms van God</b>	<b>17</b>

## 1.0 Voorwoord

Dit is met groot dankbaarheid aan ons almagtige hemelse Vader, wat ons leer ken het deur Sy enigste Seun, die Here Jesus Christus, dat ons die volgende dokument ter tafel lê.

Met die skrywe van hierdie geloofsbelydenis erken ons uit die staanspoor dat as Baptiste ons die Bybel in sy geheel as ons geloofsbelydenis onderskryf. Maar in die lig van 'n konstante veranderende wêreld en die druk op die kerk om aan te pas by nuwe strominge, is dit nodig dat ons ons geloofsbelydenis op 'n eenvoudige dog deeglike wyse beskikbaar kan stel aan iedereen wat sou wou weet wat ons glo.

Daar is geen nuwe opnebaringe of teologiese wendinge vervat in hierdie dokument nie, dit is alles oud, getoets en ondersteun deur ons groot geloofsbelydenis, die Heilige Skrifte van die Ou en Nuwe Testamente.

Ds. Tian de Beer. (ABK PE 2014)

## 2.0 GOD

### 2.1 GOD

Ons glo dat daar slegs een enige, ware lewende, algenoegsame en onveranderlike God is, dat God Gees is, dat Hy alleen onsterflikheid besit en ontoeganklike lig bewoon, dat Hy oorvloedig in genade en waarheid is. (1 Kor 8:4,6; Joh. 4:24; 1 Tim. 6:16; Joh 1:14-17)

Ons glo dat Hy die Oorsprong en Skepper van die sienlike en onsienlike in die heelal is, dat Hy alles onderhou en tot 'n volmaakte doel rig. (Gen 1; Joh 1:3; Ps. 115:3; Jes. 46:10)

Ons glo dat Hy as een wese, in algehele onverklaarbaarheid, in drie bestaanswyses as Vader, Seun en Heilige Gees in volkome gemeenskap bestaan en Homself aan die mens openbaar. (1 Joh. 5:7; Matt. 28:19; 2 Kor. 13:14)

Ons glo dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het en dat Hy die wêreld deur Sy Gees roep om in gemeenskap met Hom te lewe. (Rom. 8:29-32; 2 Tim. 1:9; 1 Thess. 5:9; Kol. 1:20)

## **2.2 God die Vader**

Ons glo dat God ons Vader deur Jesus Christus ons Here is, dat Hy Homself in Christus geopenbaar het en dat die mens slegs in waarheid deur Jesus Christus en in gemeenskap met die Heilige Gees van sy onbegryplike grootheid, liefde, wysheid, Geregtigheid en al Sy volmaaktheid kan praat. Dit is so omdat niemand die Vaer ken nie behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak, en omdat die Seun van God gekom het en ons insig gegee het om die Waaragtige te ken. Ons het ook die Gees ontvang sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. (Mt. 11:27; 1 Joh. 5:20; 1 Kor. 2:10, 12)

Ons glo dat God ons Vader die heelal in sy wysheid geskep het, dat Hy in goddelike voorsienigheid dit onderhou, daarvoor regeer en die verloop van alles - insluitende die geskiedenis van die mensdom, van volke, tale en selfs van individue - volgens sy alwyse doelstellings rig. (Rom. 11:34-36; Dan. 4:25, 34, 35)

Ons glo dat God ons Vader sy Seun Jesus Christus in volle meegevoel en regverdigheid na die wêreld gestuur het om deur Hom aan die mense bekend gemaak en verheerlik te word. Christus het deur Sy bittere lyding en sterwe ons sonde gedra, en so is op regverdige wyse met ons sonde gehandel en het God ook sy liefde en goedheid aan ons skuldige en veroordeelde sondaars bewys aangesien Hy sy Seun gestuur het om in volmaakte liefde in ons plek te sterwe en vir ons die ewige lewe te skenk deur Sy liggamlike opstanding uit die dood. (Ex. 34:6-7; Joh. 3:16; 1 Pet. 3:18; Rom. 6:8-11; 1 Joh. 5:13)

Ons glo dat almal wat die Vader aan Christus gegee het in sy naam bewaar word sodat niemand van hulle verlore gaan nie. (Joh. 10:28-29)

So bely ons Hom as Skepper, Vader, Verlosser en Voleinder.

## **3.0 Jesus Christus, die Seun van God, ons Verlosser en Here**

Ons glo dat Jesus Christus die ewige Seun van God is, dat Sy uitgange uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid is; dat Hy sonder begin van dae of lewenseinde is en dat God deur Hom die hemel en die aarde en alles wat daarin is, geskep het en dit deur Hom in stand hou. (Mark. 1:1; Joh. 1:1-3, Jes. 9:5/6?, 40:28; Jer. 10:10)

Ons glo dat Hy in Sy menswording as Jesus van Nasaret deur die Heilige Gees verwek en uit die maagd Maria gebore is. Hy is gebore uit die geslag van Dawid - 'n Loot uit die wortel van Isai - uit die geslag van Juda. Hy is Israel se beloofde Messias, die Verlosser van die wêreld. (Math. 1:18; Luk. 2:4-5; Jes. 1:1-2; Hand. 5:31; Joh. 3:16)

## ABK GELOOFSBELYDENIS

In Hom as mens is God geopenbaar en in Hom woon die volheid van die Godheid. As mens het Hy aan sy broeders in alle opsigte gelyk geword, met die uitsondering van die sonde. (Joh. 14:7-9; Kol. 2:9; Heb. 4:15)

Ons glo dat Hy vir ons verlossing ons sonde, skuld en tot die dood gedoemde bestaan op Hom geneem het. In volmaakte gehoorsaamheid aan God die Vader het Hy hom tot die diepste vernedering, lyding en dood aan die kruis van Golgota oorgegee. Hy die Regvedige, het vir ons, die onregverdige, gesterwe. Deur die vergieting van Sy bloed het Hy vir ons volmaakte verlossing van sonde en versoening met God bewerkstellig. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Hy is die algenoegsame, die enigste wat vir ons werklik waarde het. (Fil. 2:5-11; Joh. 1:29; 1 Pet. 3:18; Fil. 3:8).

Ons glo dat Christus die rekening van ons skuld, met die wette wat ons oortree het en alles wat teen ons getel het, tot niet gemaak het toe Hy vir ons aan die kruis gesterf het. Met Sy dood het Hy die bese magte van die duiwel ontwapen, oor hul getriomfeer en hulle neerlaag verseël. Hy het die magte van die dood en die hel oorwin en aan ons die oorwinning gegee. (Kol. 2:13-15)

Wat Jesus Christus volgens die wil van God volbring het, het God op die allerheerlikste wyse bevestig en vir ewig bekragtig deur Hom uit die dood op te wek, as Heer en Christus te verhoog en Hom 'n naam te gee wat die belangrikste in die hemel en op die aarde is. So heers Hy as lewende Heer oor ons deur Sy Woord en deur Sy Heilige Gees. Volgens Sy Woord is ons dan ook oortuig dat aan Hom alle heerskappy in die hemel en op die aarde teen alle mag van sonde en duisternis gegee is, en dat Hy die wêreld tot geregtigheid en bevryding na God se heilige en ewige koninkryk lei. (Rom. 1:4; Fil. 2:9; Ef. 1:20-22)

Ons glo dat Hy aan die regterhand van God verhoog is. Daar tree Hy as enigste middelaar tussen God en die mens vir ons in. Diegene wat die seëninge van Sy middelaarskap begeer, is van Sy genadige aanneming verseker, omdat Hy die wat na Hom toe kom nooit wegwys nie. Hy voorsien 'n algenoegsame saligheid want Hy is vir ons die wysheid wat van God kom, ons saak by God het Hy in die reine gestel; Hy maak ons heilig en red ons. (Hand. 2:33, 7:55; 1 Tim. 2:5-6; Joh. 1:12; 1 Kor. 1:30; 1 Tim. 1:15).

Ons glo dat die Here Jesus in die posisie van die hoogste eer vir altyd leef en as enigste Hoëpriester vir ons 'n voorspraak by die Vader is. Dit is nie vir ons nodig om ons toevlug na enige iemand anders of enige iets anders te neem om ons saak by God te bepleit nie, want Hy voorsien volle versoening en vertroosting. Hy het in alle opsigte soos Sy broeders geword sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kon wees om ons sondes te vergewe, want omdat Hyself versoek is, kan Hy ons help wat in die versoeking kom. Omdat ons so 'n Hoëpriester het, gee ons daarop ag om dit wat ons glo vas te hou. Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Daarom kan ons ook met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons meegevoel kan verkry en op

## ABK GELOOFSBELYDENIS

die regte tyd wanneer ons dit nodig het gehelp kan word. Ons kan daarom met groot vrymoedigheid, met 'n rein hart en volle geloofsversekerdheid, deur die bloed van Jesus in die heilige plek waar God self is, ingaan, want Christus is nog ons Hoëpriester wat volkome diegene, wat deur Hom na God gaan, verlos. Hy leef altyd om vir ons in te tree. Hyself het bevestig: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.". Wanneer ons na Hom toe gaan, sien Hy ons in liefde aan en beantwoord Hy ons bede. Wat ons in Sy Naam vra, verkry ons. (Heb. 7:26; 1 Joh. 2:1-2; Heb. 2:17-18, 4:14-16, 10:19-20; Joh. 14:6; Joh. 16:23)

Ons glo dat Hy die hoof van die gemeente is. Die gemeente is Sy liggaam. Omdat Hy uit die dood weer lewendig geword het en die plek van eer naas die Vader ingeneem het, is Hy ook die belangrikste in die gemeente. Die gemeente bestaan uit Hom en vir Hom. Hy moet deur die gemeente geëer, gehoorsaam en verheerlik word, want Hy is Hoof en Heer. (Ef. 5:23; Kol. 1:18; 1 Kor. 8:6)

Ons glo dat Hy in mag en heerlikheid weer sal kom om die wêreld te oordeel en om Sy sending van verlossing te volbring. Hy kom weer om ons te kom haal sodat ons vir ewig saam met Hom kan wees. (Joh. 14:3, 18)

Woorde ontbreek om Hom na waarde te bely en om ons geloof in Hom uit te spreek, want daar is niks en niemand soos Hy nie. Hy is Koning van die konings en Here van alle here. Hy is ons Heer, daarom moet Hy met die eerbied wat Hom toekom bejeën word en moet alle gehoorsaamheid aan Hom, soos Hy wil en soos die Skrifte dit openbaar, bewys word. Hy is ons broer en hiervoor skaam Hy Hom nie. Hy is ons Verlosser, want in Hom het God die wêreld met Homself versoen. Ons bely en aanbid Hom as die Beeld van die onsienlike God, as die Woord wat in die begin by God was en self God was wat mens geword het, as die enigegebore van die Vader, vol van genade en waarheid. Die groot oorwinnaar wat alles oorwin het en deur wie ons meer as oorwinnaars is. Op Hom ons Leidsman en die Voleinder van die geloof hou ons die oog gerig. (1 Tim. 6:15; Joh. 14:15; Heb. 2:11; Joh. 3:16; Kol. 1:15; Joh. 1:1-2, 14; Rom. 8:37; Heb 12:2)

### 4.0 Die Heilige Gees...

Ons glo dat die Heilige Gees die derde persoon van die Goddelike Drie-eenheid is. As uitvoerder van die doelstellings van God het Hy aktief deelgeneem in die skepping en die beheer van die heelal en was Hy verantwoordelik vir die inspirasie en bewaring van die Skrifte en vir die menswording van Christus.

(1 Joh 5:7; Gen. 1:2; Joh. 16:13-14; Luk. 1:35)

## ABK GELOOFSBELYDENIS

Ons glo dat die Heilige Gees die onvervreembare gawe van God en van die Here Jesus Christus aan Sy gemeente is. Dit is Sy taak om Christus - die Hoof van die gemeente - te verheerlik, om die wêreld van sonde, geregtigheid en oordeel te oortuig, om Sy gemeente te bou deur sondaars na Christus - die Verlosser - te roep, te wederbaar, te heilig, vir diens te bekragtig en vir die dag van verlossing te verseël.

(Joh. 14:16, 26, 15:26, 16:8, Mt. 9:13; 1 Kor. 2:12, 12:4, 7; Ef. 2:8-22)

Ons glo dat niemand aan die gemeente van Christus kan behoort sonder die Heilige Gees nie, want dit is die Heilige Gees wat onself na God bekeer en wat ons vertrou op Christus rig en ons aan Hom laat toewy. Hy is die Gees van vryheid, genade en gebed.

(Hnd. 1:8; 2:38-39; Joh. 6:44; Rom. 8:26)

Deur die Heilige Gees word die gemeenskap tussen die gemeente en Christus en tussen almal wat deur ware geloof aan Hom behoort in stand gehou. Daaron glo ons in die gemeenskap van die heiliges, want in Christus is die liggaam met sy baie lede een omdat almal in een Gees tot een liggaam gedoop is, en almal van en Gees deurdronge is. Aan elk van die lede is afsonderlik gawes, in die verskeidenheid van genadegawes, deur dieselfde Gees meegedeel, soos Hy wil. Vir die bevordering van die eenheid van die geloof, die liefde, die handhawing van gemeenskap en vir die bediening van die gemeente in die wêreld, het Christus ook ampte en bedienings in die gemeente ingestel.

(Rom. 12:5; 1 Kor. 12:12-13, 28)

Die liggaam van Christus, die werking van die Gees, geestelik volwassenheid en standvastigheid van die lede van die gemeente is die duidelikste waarneembaar waar die gemeente nie deur allerlei winde van lering van koers gebring word nie, die onderlinge band van liefde en gemeenskap van die heiliges verstewig word en waar die verskeidenheid van gawes van die een Gees en die onderskeiding van die lede van die een liggaam tot diensbaarheid aan die koninkryk van God in die wêreld gestel word.

(Ef. 4:14-16; 1 Kor. 12:7)

## 5.0 Die Heilige Skrif...

Ons glo dat God Homself op genoegsame en betroubare wyse in sy magtige skeppings - en verlossingsdade aan die mens bekend gemaak het en dat kennis aangaande God en 'n lewende gemeenskap met Hom alleen langs die weg van hierdie bekendmaking moontlik is. Ten spyte van die sondigheid van die mens en sy afgkerigheid van God wat hom van die ware kennis van God ontnem het, het God Hom nog aan die mens betuig, want Hy is naby die mens om deur sy Gees die gees van die mens te verlig, en die kennis van sy wil in sy hart te skrywe. (Ps. 19:1-3; Luk. 16:29-31; Hand. 17:27; Rom. 1:19-21, 2:14,15)

## ABK GELOOFSBELYDENIS

Ons glo dat God deur die diens van mense, wat Hy vir die doel gekies en voorberei het, 'n ongetwyfelde getuienis van die bekendmaking in die Skrifte, wat uit die kanonieke boeke van die Ou - en Nuwe Testament bestaan, voorsien het. Die Skrifte is die onbedrieglike, onwankelbare, genoegsame en enigste absoluut gesaghebbende aanwysing tot verlossing en grondslag waarop die kerk gebou en bevestig kan word en waarvolgens geloof en geloofsbeoefening gerig kan word, want die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. (Ef. 2:19-20; Rom. 15:4; 2 Tim. 3:16)

Hierdie Skrifte, wat God vir ons gegee het, is 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad. Met verliggende en verlossende werking breek dit kragtig tot die gemoed van die mens deur en lei hom tot die ware kennis van die lewende God en word hy instaat gestel om die Skrif te ontvang, te verstaan en te verkondig as die woord van God wat van Christus getuig, soos Hy dit self gedoen het en om dit te aanvaar as die fondament waarop Christus sy gemeente bou. So is die gemeente dan ook op die algehele en eerbiedige aanvaarding van en gehoorsame onderwerping aan die Skrifte aangewys. (Ps. 119:105)

Ons glo dat die Skrifte die wil van God volkome behels en dat niks daartoe bygevoeg of daaruit weggelaat mag word nie. Hierbenewens glo ons ook dat geen menslike geskrif, van watter aard ookal, met die Skrifte gelykgestel mag word nie, want God is waaragtig en die mens leuenagtig. God se Woord is die waarheid. Terwyl ons die geeste van menslike geskrifte op die proef stel om vas te stel of hulle uit God is, is dit vir ons noodsaaklik om ons te rig na die waarheid van die Woord. (Ps. 119:116; Joh. 17:17; 1 Joh. 5:9)

Ons glo dat ons vir die verstaan en verkondiging van die Skrifte, as die Woord van God, van die wysheid, lig en leiding van die Heilige Gees afhanklik is, want dit wat vir ons opgeteken is, is nie deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek. Ons het die Gees wat uit God is ontvang, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. Diepgaande studie ten opsigte van die omstandighede en die tyd waarin die Bybelskrywers geleef het, die taal en literatuur soorte waarvan hulle gebruik gemaak het en die uitleg daarvan word as noodsaaklik beskou en word met die oog op 'n beter begrip van die Skrifte verwelkom. (Joh. 16:13-14; 2 Pet. 1:19-21; 1 Kor. 2:10-13)

Ns. Die boeke wat algemeen bekend staan as die Apokriewe is nie Goddelik geïnspireer nie, en nie deel van die kanon van die Skrif nie, en daarom het dit geen gesag in die kerk van God nie. Dit moet dus geensins op enige ander wyse goedgekeur of gebruik word as enige ander menslike geskrifte nie. (Luk. 24:27, 44; Rom. 3:2)



## 6.0 Die skepping van alles en die voorsieningheid van God

Ons glo dat God die Vader deur Sy woord, dit is sy Seun, ons Here Jesus Christus, in die begin die hemel en die aarde, met alles wat daarin is, sigbaar en onsigbaar, in almal en wysheid geskep het. (Gen 1:1; Gen 2:4; Joh 1:1-3)

Ons glo dat Hy alles goed geskep het om die mens, die kroon van Sy skepping, diensbaar te wees, sodat die mens sy God kan dien. Die Here het die mens, man en vrou geskape, met rasionele en onsterflike siele.

Die engele het Hy ook goed geskep, maar sommige het in ewige verderf geval en vyande van God en Sy kerk geraak. Soos moordenaars loer hulle op die kerk en elke lidmaat daarvan om hulle met hul verdorwenheid en bedrieëry te mislei en te verwoes. Deur hulle eie boosheid is hulle tot ewige verdoemenis veroordeel.

Die ander engele het deur die genade van God in die staat waarin hulle geskep is volhard en is hulle almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe. (Gen. 1:4, 10, 12, 18, 21, 25-26, 31; 2:7; 3:6; Pred. 7:29; Job 26:13; Heb. 1:2, 14; 1 Pet. 5:8; Rom. 1:20; 2:14-15; Kol.1:16; Ps. 103:20; Mt. 13:41)

Ons glo dat God sy hele skepping nie aan toeval of geluk oorgegee het nie, maar dat Hy op onbegryplike wyse alles onderhou en die verloop van alles na sy alwyse en almagtige voorsieningheid rig, sodat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

(Rom. 8:28; Heb. 1:3; Job. 38:11; Jes. 46:10-11; Ps. 135:6; Mt. 10:29-31; Ef. 1:11; Spr. 16:33; Jes. 55:11; Rom. 11:33-36)

## 7.0 Die mens

Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde na Sy beeld geskep het; dat die mens die kroon van Sy skepping is, dat Hy die mens goed geskep het en as man en vrou so toegerus het dat hulle in gemeenskap met Hom kon lewe, dat hulle Sy wil kon ken en in vryheid kon gehoorsaam. God het die mens as Sy bondgenoot op aarde geplaas om dit te bewoon, dit aan sy heerskappy te onderwerp en om die doelstellings wat God vir die mens koester, te verwesenlik. (Gen. 2:16-17)

## ABK GELOOFSBELYDENIS

Ons glo dat die mens in sonde geval het toe hy uit eie vrye wil aan die versoeking toegegee en aan God ongehoorsaam geword het. Sodoende het hy hom van God afgekeer en het hy die heerlike en geweldige verantwoordelikheid ten opsigte van sy eie lewe en die toekoms van die ganse mensdom en die wêreld, van God losgemaak. Hiermee het die geskiedenis van die mens 'n wending geneem wat in stryd met God se bestemming was. Die mens het mens gebly; aan sy gawes en verantwoordelikhede het hy onberekenbare skade berokken. Hy is van die onversteurde gemeenskap met God beroof; vrede met God het plek gemaak vir vyandskap; vryheid is verdring deur aanvegting en slawerny; sonde het die oorhand oor sy lewe gekry. So algemeen het die sonde geword dat die goed nie sonder die kwaad bestaan nie. So verreikend was die gevolge daarvan dat almal gesondig het en dat dit by hulle aan die heerlikheid van God, die goeie wat Hy vir die mens bestem het, ontbreek. So ingrypend was die gevolge van die sonde in die lewe van die mens dat hy aan liggaamlike en geestelike dood skuldig was. Deur die sonde is die mens skuldig, verlore, doemwaardig voor God gestel. Uit hierdie haglike toestand wat die mens vir homself op die hals gehaal het, kon hy homself hoegenaamd nie bevry nie. (Gen. 3:12-13; 2 Kor. 11:3; Rom. 3:23, 5:12; Tit. 1:15; Gen. 6:5; Jer. 17:9; Rom. 3:10-19; Ps. 51:7; Job 14:4; Rom. 6:20; Heb. 2:14;-15; 1 Thess. 1:10)

Ons glo dat God in Sy groot genade die gevalle mens nie in sonde gelaat het nie. Deur die bloed en die Gees van Christus wat red, versoening bewerkstellig en vernuwing bewerk, word die beskadigde beeld van God in die mens herstel deurdat Christus in die mens woon deur Sy heilige Gees en word gemeenskap met God en met mekaar weereens 'n heerlike werklikheid. Die apostel Paulus stel hierdie saak so duidelik:

*"Selfs toe ons nog geestelik dood was in die sonde het Hy ons saam met Christus lewendig gemaak. Daarom is dit net deur Sy goedheid dat Hy ons gered het. Hy het ons met Christus Jesus verbind sodat ons ook saam met Christus uit die dood lewendig gemaak is en saam met Hom 'n ereplek in die hemel gegee is. Wat Jesus Christus vir ons gedoen het wys vir ons hoe goed God vir ons is. Dit sal vir altyd die bewys bly van hoe oneindig groot God se liefde vir ons is. Dit is net omdat God vir ons goed is dat Hy ons gered het. Ons kan onself nie red nie; maar God gee dit vir ons verniet as ons op Jesus Christus vertrou."* (Ef. 2:5-8; Die Lewende Nuwe Testament)

So het God sy Seun vir ons gegee en ons vir Homself uitgekies. Hy het Christus vir ons gegee en saam met Hom gee Hy ons alles in Sy genade. Die gevolge is nou dat ons in alles meer as oorwinnaars in Christus Jesus is. Die sonde en die dood heers nie meer oor ons nie. God se vergewende en verlossende genade stel die mens in staat om God se doelstellings in sy lewe te verwesenlik, om in die vryheid van die kinders van God te lewe en om Hom te verheerlik. (Jes. 42:1; 1 Pet. 1:19-20)

## 8.0 Verlossing

Ons glo dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het en dat Hy alles, wat vir die saligheid van die mens nodig is, in Jesus Christus voorsien het, deurdat Hy vir ons die wysheid is wat van God kom, ons saak by God in reïne stel, ons heilig maak en red.

(Rom. 3:24-26)

Hierdie versoening is so 'n magtige en triomferende uiting van God se genade in Christus dat die Skrif verklaar dat God die goddelose regverdig. Hierby word nie slegs bedoel dat Hy ons wil aanneem wanneer ons na Hom toe wil kom nie, maar dat Hy voordat ons na Hom toe kom of na Hom roep, reeds deur Christus se soenoffer die vonnis van die sonde weggedoen het, die skuld van die skuldige weggeneem het, en vir ons toegang na Hom verleen het. Daarom bevestig die Skrif ook dat die vervwydering van ons skuld die direkte gevolg is van geloof in wat Christus vir ons gedoen het. Regverdiging is nie die gevolg van die nakoming van die wet of die bedryf van goeie werke of die betoning van berou nie, dit is God se genadige handeling waardeur Hy die goddelose as gevolg van geloof in wat Christus gedoen het, vry van sonde verklaar.

(Joh. 6:44; Kol. 2:14; Ef. 2:4-8)

Ons glo dat met die regverdiging deur die geloof in Christus het God ons gered en ons van ons sondes gewas;

het Christus ons in die Heilige Gees gedoop en is ons tot Sy liggaam toegevoeg;

het die Heilige Gees ons deur 'n nuwe geboorte, die geboorte van bo, vernuwe;

is ons in staat gestel om Christus aan te neem, sodat ons die reg verkry het om kinders van God te wees;

is ons ook in staat gestel om ons van ons verkeerde weë tot God te bekeer en om die vrugte wat by die bekering pas in ons lewens voort te bring;

is ons heilig gemaak deur die bloed van Christus, deel ons in die volheid van God in Christus, word ons aangespoor en word dit vir ons moontlik gemaak om onself heeltemal te gee om aan Hom te behoort, deur die Heilige Gees vervul (beheer) te word en om te doen wat Hom tevrede stel.

(Ef. 2:9-22)

Christus het vir ons deur die versoening onder Sy heerskappy gebring, vry gemaak van alles en almal wat in vyandskap met God is en dit vir ons moontlik gemaak om deur onderwerping aan God in die navolging van Christus te staan in die vryheid waarmee Hy ons vrygemaak het. Hy het vrede tussen ons en God gemaak en al ons skuld vergewe. Daar is dan nou 'n beroep op die hele mens om in die vryheid waarin ons staan te bly deur die vrede met God te handhaaf en om ander te vergewe omdat onself vergeef is.

(Ef. 4:23; Kol. 3:13;

Volgens die Skrif is versoening en vernuwing van lewe onafskeidbaar verbonde. Die wat God se versoening het, word aangesê om heilige te lewe, want iemand wat dit nie doen nie sal nie die Here sien nie. (Heb. 12:14). Diesulkes word ook vermaak dat die boom aan sy vrugte geken word. (Mt. 7:16-20). Daarom glo ons dat die regverdiging deur die geloof noodsaaklikerwys 'n goeie lewe met goeie werke ten gevolge het. Die grondslag van regverdiging word nie hierdeur op 'n goeie lewe met goeie werke gestel nie, dit bly nog altyd geloof in die afgehandelde verlossingswerk van Christus. (Rom. 6:4; Heb. 12:14; Mt. 7:16-20; Ef. 2:8)

Daar word egter op die noodsaaklike gevolge van regverdiging gewys sodat die mens hom voortdurend onder die heerskappy van Christus kan stel, sy toevlug na God, die bronwel van die lewe, kan neem, deur die Heilige Gees vervul word om sodoende die vrug van die Heilige Gees voort te bring en om deur sy goeie lewe en werke God onse Vader te verheerlik. (Gal. 5:16, 22-25; Mt. 5:16)

Ons glo dat regverdiging deur die geloof tot die goddelose deur die lewende verkondiging van die Woord van God kom, want hoe kan hulle in Christus glo as hulle nog nooit van Hom gehoor het nie? Hoe kan hulle hoor as iemand nie vir hulle van Hom vertel nie? En, hoe kan iemand vertel as die Here hom nie stuur nie? Daarom moet die goeie boodskap verkondig word. (Jes. 52:7; Rom. 10:14)

Ons glo dat God ons na die mense stuur met die boodskap dat Hy vir Jesus Christus gestuur het om vrede te maak tussen Hom en ons en dat Hy met hulle vrede wil maak. Daarom moet ons ook, saam met Paulus terwille van Christus smeeke: "Laat God toe om die saak tussen Hom en julle reg te maak," (2 Kor. 5:20. Die lewende nuwe testament) (Mt. 28:18-19; 2 Kor. 5:20)

## 9.0 Die koninkryk van Christus

Ons glo dat die koninkryk van Christus 'n triomferende, verlossende, geestelike heerskappy in die wêreld is. Hierdeur word vrymaking van duisternis, sonde en dood verseker. In die bediening van versoening, deur die Woord en deur die Heilige Gees, word die koninkryk daargestel en word Christus se heerskappy daarvan uitgeoefen. Almal wat aan die bediening van die Woord en die Gees gehoor gee, word deur God vanuit die koninkryk van die duisternis tot die koninkryk van die Seun van Sy liefde gebring. (Joh. 10:9-10; Matt. 4:16; Luk. 1:76-80, Kol. 1:13)

Ons glo dat die versekering van die oorwinning van die koninkryk in die kruisdood en triomfantelike opstanding van Christus geleë is, want hierdeur het Hy die bese magte van die duiwel ontwapen, het Hy hulle heeltemal oorwin en het Hy getoon watter skandelige neerlaag hulle gely het. (Rom. 6:8-11; Kol. 2:13-15)

Ons glo dat waar hierdie heerskappy in onderworpenheid erken en aanvaar word, werk dit vrymakend en vernuwend op die hele mens, op alle menslike terreine en op die kerk in. Hierdeur word die stryd teen sonde, ongeregtigheid en onreg, in al hul vorms, aangesê, word vrede, geregtigheid en reg verseker en word die hoop en die geloof op 'n salige toekoms lewend gehou. (1 Pet. 1:3)

Ons glo dat die verwesenliking van die koninkryk nie deur enige menslike magte bewerk word nie. Die krag van die bloed van Christus en die bediening van die Heilige Gees in die bekering van die mens tot God en die vernuwing van die mens in Christus verwesenlik die koninkryk. Daarom glo ons dat die koninkryk met sy diens van versoening vir die mens is, dat dit beide verlos en veroordeel, in vrede verenig en in vyandskap verdeel. (Heb. 9:14; Rom. 14:7; Luk. 12:31-52)

Ons glo dat hierdie koninkryk van Christus in sy triomftog spoedig die hele aarde sal vul, alles sal nuutmaak en dat die dag haas sal aanbreek dat almal die knie sal buig voor Christus en tot heerlikheid van God sal bely dat Hy Here is, (Fil. 2:10), en dat die dood, die laaste vyand, 'n oorwonne vyand sal wees. (Op. 21:1-5; Rom. 14:11, 1 Kor. 15:51-57)

## 10.0 Die kerk

Ons glo dat die kerk die liggaam van Christus is, dat HY die hoof en Verlosser daarvan is, (Ef. 5:23) en dat Hy die kerk met sy eie bloed gekoop het. (Op. 5:9) Deur die lewende verkondiging van sy woord roep Hy mense vanuit alle tale en volke na Hom toe en voeg Hy hulle tot die kerk toe. Diesulkes is nog voordat die aarde gemaak is deur God uitgekies om heilig (en om sonder dat hulle iets ontbreek) aan Christus te behoort. (Joh. 10:16, 12:32; Ef. 1:4) Hulle was vroeër vreemdelinge en vyande van God, in 'n gevalle toestand totaal verlore, maar omdat Christus sy lewe vir hulle gegee het, is hulle naby gebring, (Ef. 2:13) om aan die volk van God en aan Sy huisgesin te behoort. (Ef. 2:19)

Ons glo dat in die kerk Christus die belangrikste is en dat Hy deur Sy Gees in almal woon. Hy en die heerskappy van sy woord en van Sy Gees is al wat saak maak, selfs tot so 'n mate dat enige verskil wat daar tussen die lede van die Kerk t.o.v. herkoms, beskawing, opvoeding of status mag wees, in die niet verdwyn. (Kol. 2:11) So is daar net een heilige algemene Christelike kerk wat sy bestaan, sy eenheid en sy verskeidenheid vanuit die hoof, Jesus Christus, verkry.

Ons glo dat as Verlosser van die kerk Christus deur die doop en deur die Woord, die kerk rein, glansend, heilig en sonder fout aan God wil toewy, (Ef. 5:27) en dit so vir Sy koms wil bewaar. (Jud. 24)

## ABK GELOOFSBELYDENIS

Ons glo dat die kerk deur die Woord en deur die instellings van die doop en die nagmaal in die allerheiligste geloof opgebou moet word, (Jud. 20) dat die Naam van God deur die kerk bely moet word en dat die kerk deur die prediking van die Evangelie aan die hele wêreld in diens van die koms van die koninkryk van Christus moet staan.

Dit vul ons harte met droefheid dat die huidige toestand van die kerk kwalik 'n beliggaming van die volmaakte is, want die kerk is deur afval, misvorming, valse leringe en skeuring gepla. Daarom is dit nodig dat die kerk in sy strewe na die ideaal hom aan die dissipline van die Hoof en Sy Woord blymoedig sal onderwerp en sodoende sal toelaat dat die eenheid waarvoor Christus gebid het, verwesenlik sal word.

Ons glo dat hierdie kerk van Christus in die plaaslike gemeente gestalte vind en dat die plaaslike gemeente in die mate waardeur hy:.....

1. God in gees en in waarheid dien,
2. Die heerskap van Christus erken,
3. Die onfeilbaarheid en gesag van sy woord aanvaar,
4. Die leer van die apostels handhaaf,
5. Die Woord in suiwerheid verkondig,
6. Die doop en die nagmaal volgens die instelling van Christus bedien,
7. Die priesterskap van die gelowiges erken en beoefen,
8. En uiting is van die gemeenskap van gelowiges,  
..... werklik kerk van Christus is

Ons glo dat die plaaslike gemeente alleen bestaan kan vind in 'n gemeenskap met die Here Jesus Christus, dat hierdie gemeenskap die erediens as brandpunt van ontmoeting tussen Christus en sy gemeente het en dat die gemeente se lewe en bediening na binne en na buite vanuit hierdie brandpunt gerig word. Die voortbestaan van die gemeente vind slegs regverdiging in die gehoorsame navolging van die marsbevel van die Here Jesus Christus. (Mt. 28:19-20)

Ons glo dat elkeen wat deur die Heilige Gees wederbaar is en sodoende aan die huisgesin van God behoort, dit as 'n blye voorreg sal beskou om aktief aan die plaaslike gemeente te behoort en om deur die lewende gemeenskap wat tussen Christus en sy gemeente bestaan in die allerheiligste geloof bevestig en opgebou te word. Weiering hiervan druis in teen die verordening van God.

Ons glo dat die lidmate van die gemeente hulself aan God en aan mekaar, volgens die wil van God sal toewy, (Efes. 4:15-16), dat hulle van die byeenskomste van die gemeente nie sal wegbly nie, (Heb. 10:25) en dat hulle op blymoedige en gulhartige wyse volle rentmeesterskap aan Christus in die gemeente sal bewys sodat die gemeente diensbaar aan die koninkryk van Christus sal wees. (2 Kor. 8-9)

## ABK GELOOFSBELYDENIS

Ons glo dat die opgewekte Here vir die toerusting van die heiliges vir hulle dienswerk en vir die opbouing van die liggaam van Christus, persone met die nodige vermoëns gegee het om die gemeente in bepaalde ampte te dien. (Efes. 4:11-13) Die ouderlinge (herder, opsiener, leraar) moet met die nodige geestelike deugde volhard in die gebed en die bestudering en bediening van die Woord. (Hand. 6:2-4; 1 Tim. 3:1-7; 2 Tim. 2:1-2) Die diakens moet met die nodige geestelike deugde gemeentelike harmonie en diens bevorder. (Hand. 6:1-7; 1 Tim. 3:8-10)

Ons glo dat die plaaslike gemeente onder die Heersappy van die Here Jesus Christus 'n selfstandige bestaan moet voer, dat die Woord van Christus as enigste rigsnoer vir die geloof en die beoefening daarvan moet dien, en dat al die lede, insluitende diegene wat in verskillende ampte dien, gelyke beregtiging en verantwoordelikheid moet geniet.

Ons glo dat die voorreg om aan die gemeente van die Here Jesus Christus te behoort met die aanvaarding van die verantwoordelikhede en die handhawing van dissipline gepaard gaan. Die eenheid, suiwerheid van die leer en die vrede van die gemeente moet bewaar word. Vergrype van lewenswandel en van leer moet met liefde en met die oog op versoening en herstel in die reine gestel word.

### 11.0 Die Kerk en die samelewing

Ons glo dat die gemeente van die Here Jesus Christus in die wêreld, maar nie van die wêreld is nie. (Joh. 15:19; 17:14). Die wêreld is dit wat van God en die koninkryk van Christus vervreemd is. Ten spyte hiervan het God die wêreld liefgehad, Joh. 3:16 en die wêreld met Homself deur die dood van Christus versoen. 2 Kor. 5:19.

Ons glo dat omdat die gemeente in die wêreld is, is sy geroepe om die liefde van God vir die wêreld deur die verkondiging van die evangelie en deur die betoning van die liefde van God wat in ons harte uitgestort is, uit te dra. Met groot liefde vir haar Verlosser, Jesus Christus en met diepe deernis vir die wêreld, vir wie Christus gesterf het, moet die gemeente haar wend tot die wêreld in nood - die ongeredde, die minderbevoorregte, die onderdrukte. Die gemeente moet die stryd vir die bevordering van vrede en voorspoed, vir reg en geregtigheid vir almal aanknoop. Die boodskap dat die wêreld bewaar word vir die toekoms van die Here vir die voleinding van Sy koninkryk moet laat hoor word. Daar moet daarop gewys word dat nadat God oor almal en alles wat Hom weerstaan gerig ge oefen het, sy koninkryk - waar reg en geregtigheid sal heers en waar onreg nie meer gedoen en gely sal word nie en waar Hy self tussen Sy eie sal woon en Hy die trane van die oë sal verwyder - bevestig sal word.

Ons glo dat omdat die gemeente nie van die wêreld is nie, sy 'n goddelike opdrag het om afkeer in die sonde van die wêreld te verklaar en om gelykvormigheid aan die wêreld in en deur Jesus

## ABK GELOOFSBELYDENIS

Christus wat die mag van die sonde verbreek het en oor dit wat boos is getriomfeer het, te weerstaan. (Rom. 12:1-2)

Ons glo dat met die handhawing van die gemeente se posisie van in, maar nie van die wêreld nie, die gemeente 'n heilsame uitwerking op die samelewing moet uitoefen. Maatskaplike euwels moet met die gesindheid van Christus bekamp word. Barmhartigheidsdiens vir hulpbehoewendes soos wese, bejaardes, armes, en siekes moet vir die eer van Christus verrig word. Daadwerklike pogings moet aangewend word om die hele samelewing met al sy bevolkingslae en die bonte verskeidenheid van werksaamhede onder die heerskappy van Christus, met die handhawing van die beginsels van reg, geregtigheid, waarheid en liefde, te bring.

Ons glo dat 'n kerngesonde samelewing 'n Godvresende huisgesin as grondslag het. Daarom moet die gemeente toesien dat die huweliks en gesinslewe aan die verhewe eise van die Woord van God sal beantwoord. Dit is noodsaaklik omdat die huwelik as beeld van die vereniging van Christus met sy gemeente voorgelou sal word. (Ef. 5:22-33)

Ons glo dat God in die samelewing die owerheid daargestel het om reg en geregtigheid te handhaaf. (Rom. 13:1-7). Daar moet vir die owerheid op konsensieuse wyse gebid word. (Ef. 2:2). Die owerheid verdien ook lojale gehoorsaamheid in alles, behalwe in sake wat teen die geopenbaarde wil van Jesus Christus in stryd is. Hy is die enigste Heer van die gewete en Hy het dit vrygestel van die leringe en bevels van mense wat teen die Woord van God indruis.

Ons glo dat die Godgegewe posisie van die gemeente in die wêreld vereis dat daar skeiding tussen kerk en owerheid moet wees en dat geen onderlinge bondgenootskap tussen die twee gesluit mag word nie. Die gemeente moet in die navolging en daarstelling van geestelike doelstellings volle vryheid en beskerming van die owerheid geniet. Die owerheid mag nie belastings of enige lisensiegelde ter ondersteuning van bepaalde geloofsoortuigings of vorms van godsdienste hef nie. 'n Vrye kerk in 'n vrye staat, elk aanspreeklik aan God alleen, is die Christelike ideaal. Dit impliseer vrye en ongehinderde aanbidding en die reg om godsdienstige sienswyses te handhaaf en te propageer sonder inmenging van owerheidsweë. Andersyds moet die owerheid nie aan die kerk verantwoordelik wees nie. As liggaam van Christus moet die gemeente egter die Woord van God in suiwerheid aan die owerheid voorhou dat die owerheid sal weet wat sy Godgegewe doel en roeping is.

Ons glo dat daar niks is wat die Christen verhinder om 'n politieke loopbaan te volg of enige vorm van staatsdiens te verrig nie, mits die betrokke diens in ooreenstemming met die voorskrifte van die Woord van God is.



## 12.0 Die toekoms van God

Ons glo dat ten spyte van die feit dat die mens eenmal sterf en dan geoordeel sal word, Heb. 9:27, daar geen veroordeling is vir die wat aan Jesus Christus deur die Heilige Gees verbind is nie. (Rom. 8:1). Dit is die geseënde waarheid ten opsigte van die gemeente wat Christus so liefgehad het dat Hy Sy lewe daarvoor gegee het; te meer ook nog omdat Hy die gemeente aan God toewy en rein maak deur die doop en deur die Woord sodat dit sonder iets wat vuil en lelik is, glansend en heilig en sonder fout voor God kan wees. (Ef. 5:25-26).

Om hierdie rede gaan ons die toekoms van God met 'n blye verwagting en groot vreugde tegemoet omdat ons verseker is dat die Here ons onvolmaaktheid en ons bestaan wat met die dood bedreig word, tot heerlijkheid sal vernuwe. Want Hy het mens geword om een met ons te wees; Hy het gesterwe sodat ons kan lewe; Hy het die dood oorwin en opgestaan sodat ons met Hom een kan wees en deel in Sy opstanding en oorwinning kan hê. Hy is die eerste om uit die dood lewendig te word, 1 Kor. 15:23, en is ook die waarborg dat almal wat dood is, weer lewendig sal word. (1 Kor. 15:20). So het Hy met Sy opstanding die begin van 'n algehele nuwe orde van bestaan verwesenlik - 'n orde waarin almal wat aan Hom behoort onverganklike lewe sal ontvang. Wanneer Christus weer kom sal God almal wat aan Hom behoort saam met Hom bring om vir altyd by Hom te bly. (1 Thes. 4:14, 17)

Wanneer dit sal gebeur weet ons nie. Ons weet egter dat die Here die belofte van sy koms sal volbring en dat Hy intussen groot geduld aan die dag lê sodat almal tot bekering mag kom omdat Hy nie wil hê dat sommige verlore moet gaan nie. Die dag van die Here sal sekerlik kom. Dit sal kom soos 'n dief in die nag. (Mat. 24:36, 44). Dan sal die hemel verdwyn met 'n ontsettende gedruis; die hemelliggame sal brand en vergaan en die aarde en alles wat daarop is sal verbrand word. Volgens Sy belofte sal Hy 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep waarin slegs geregtigheid sal wees. (2 Pet. 3:9-13; Jes. 65:17; 66:22; Op. 21:1)

Christus en ons vereniging met Hom bly die heerlike vooruitsig van die wonderlike toekoms wat God ons beloof het. (1 Thess. 1:27). Ons lewe in die vooruitsig op die koms van die koninkryk van God en bely dat hierdie vooruitsig so deel van ons geloof is dat ons moet erken dat ons sonder dit tevergeefs ons vertrou op Christus sal stel, want as ons vertrou op Christus ons net hoop gee tot by die graf en niks verder nie, dan is ons die jammerlikste van alle mense. (1 Kor. 15:19). Maar, ons is verseker dat Hy ons na die toekoms vooruitgegaan het en dat Hy daar op ons wag.

Ons glo dat ons daar aan Hom rekenskap sal moet gee van wat ons gedoen het, of dit goed is, of kwaad.

## ABK GELOOFSBELYDENIS

Ons vooruitsig spoor ons aan om alles in ons vermoë te doen om in vrede teenoor God te lewe, Hom te dien en rein te wees. (2 Pet. 3:14). Dit dien tot volharding in die gebed om standvastig en oorvloedig te wees in die werk van die Here, wetende dat Hy 'n beloner is van die wat Hom soek, Heb. 11:6, en dat wat vir Hom gedoen word die moeite werd is, 1 Kor. 15:58.